Die Bekering van die Heilige Apostel Paulus

25 Januarie

Die dramatiese bekering van St. Paulus was ’n keerpunt in die lewe van die Vroeë Kerk. Met dieselfde ywer waarmee hy die Christene vervolg het word hy nou die groot verkondiger van die Here Jesus aan veral die heidene. Hoewel hy duidelik oor ’n driftige geaardheid beskik het, was sy boodskap evangelies, geduldig en sag. In ’n kort tyd word die klein geslote kerk van Jerusalem, danksy Paulus se energie en deursetttingsvermoë, ’n wêreldwye gemeenskap van gelowiges uit alle tale en volke.

© Die Oratorium Uitgewery